**Woensdag 20 Julie**

**Skrifgedeelte: Johannes 14:1-4; 17:24-26; HK Sondag 18, Antwoord 49**
**Fokusgedeelte: 1 Johannes 2:1**

## Ons menslike natuur in die hemel

Wat hier in ons belydenis bedoel word, kom daarop neer dat die hemelvaart van Christus ons van ons eie, persoonlike hemelvaart verseker. Daarom word gesê dat Jesus Christus se menslike natuur in die hemel vir ons ’n betroubare waarborg is dat Hy as die Hoof, ons, sy lede, na Hom toe sal neem.

Christus het immers Self in sy hoëpriesterlike gebed verklaar: *“Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het ook by My moet wees, sodat hulle my heerlikheid kan sien, die heerlikheid wat U My gegee het”* (Joh. 17:24). Christus wil ons by Hom hê. Hy is tog die Hoof van sy liggaam, die gemeente. Ná sy hemelvaart is Hy in die hemel as God en mens. Die feit dat Hy nou met ons menslike natuur in die hemel is, gee ons die sekerheid dat ons ook daar sal kom, aanvanklik net wat ons siele betref, maar uiteindelik met liggaam en siel. Christus en sy duurgekoopte bruidskerk kan nooit van mekaar losgemaak word nie. Die hemelvaart van Christus word eers volkome vervul as ons almal wat in Hom glo, daarin kan deel.

Christus het ook gesê dat Hy na die huis van sy Vader met sy baie woonplek gaan om vir dié wat in Hom glo, plek gereed te maak. Daarna sal Hy hulle na Hom toe neem, sodat hulle ook kan wees waar Hy is (Joh. 14:2, 3). Ook hier is dit duidelik dat as die hemel vir die Middelaar en Hoof van die kerk oopgemaak is, dit nie gesluit sal word vir dié wat aan Hom behoort nie.

As Christus sê dat Hy vir ons plek in die Vaderhuis gereed gaan maak, sien dit veral op dit wat Hy vir ons ná sy hemelvaart doen. Tog mag ons sy woorde nooit van sy kruislyding losmaak nie. Trouens, juis deur sy bitter en smadelike lyding na liggaam en siel aan die kruis as ons Borg en Middelaar het Hy gesorg dat daar vir ons plek by Hom is in die Vaderhuis. Dit is juis die liggaam waaraan Hy om ons ontwil so verskriklik gely het wat nou die betroubare waarborg in die hemel is dat Hy ons na Hom toe sal neem. Dit laat ons verstaan wat Paulus bedoel as hy sê: *“In Christus het Hy (God) ons saam met Hom opgewek uit die dood en saam met Hom ’n plek in die hemel gegee”* (Ef. 2:6). Dit beteken dat ons reeds ’n plek in die hemel het, en met ons dood kom haal die Here ons om ons plek by Hom in te neem. Dan sal ons heengaan om met Christus te wees (Fil. 1:23) – met Hom in die paradys (Luk. 23:43). Dan sal ons op konkrete en heerlike wyse ervaar wat dit beteken dat ons burgerskap in die hemel is (Fil. 3:20).